

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
28 Maart 1976

Onderwerp: Lewende water en die hel
Lees: Johannes 19 verse 23 tot 30
Teks: Johannes 19 vers 28
Sing: Psalm 42 verse 1 en 7
Gesang 49 vers 5

“Gemeente van Jesus Christus, ons bely elke Sondag: ‘Ek glo in Jesus Christus wat ter helle neergedaal het.’ Maar laat ons eerlik wees, dit is ’n belydenis wat deur min mense werklik deurgrond en verstaan word.

“Onder hierdie uitdrukking verstaan ons dat Jesus nie in die plek van verdoemenis, die hel self, was nie, maar dat Hy die hel beleef het in sy ganse lyding op aarde en aan die kruis in sy fisiese en veral sy sielelyding.

“Die hel is in essensie daardie plek waar God nie is nie; waarop Hy sy rug gedraai het; en waarvan God Hom onttrek het. Dít is waar Jesus Christus was toe Hy uitgeroep het: ‘My God, my God, waarom het U My verlaat?’ (Mark 15:34) Dit was tydens die drie ure van stikdonkerte op Golgota toe God Hom van sy Seun onttrek het.

“Deel van die hel wat Jesus Christus beleef het, was sy fisiese lyding aan die kruis. Want, Broers en Susters, die Skrif leer dat daar ook in die hel liggaamlike smart gely word. Ons leer van die rykman in die gelykenis, wat sy oë vanuit die doderyk opgehef het en na Abraham geroep het: ‘Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel, want ek ly smarte in hierdie vlam.’ (Luk 16:24)

“Dit staan nétsó in die Woord van God. Hoe is dit moontlik dat mense hierdie woorde kan lees en so min vrees vir die hel kan hê?

“Jesus Christus het aan die kruis uitgeroep: ‘Ek het dors!’ (Joh 19:28) Só beskryf die Skrif Jesus se helle smart met die beeld van verskroeiende dors. Dit word in die Afrikaanse Bybel met drie woorde beskryf: ‘Ek het dors!’ In die Nederlandse Bybel is dit slegs twee woorde: ‘Mij dorst’. In Grieks is dit een enkele woord.

Dit is die korste van al Jesus se woorde aan die kruis. En tog kan geen pen beskryf wat alles in hierdie woordjie opgesluit lê nie. In die oomblik van jou bitterste lyding word daar nie aan baie woorde of deftige uitdrukkings gedink nie. Die sterwende sal net een woord prewel: water. En so spreek hierdie vyfde kruiswoord in aangrypende taal van matelose lyding.

“Waarom moes Jesus Christus so ly? Daar is net een antwoord. Hierdie dors waaronder Hy versmag het, was deel van die dure losprys wat Hy moes betaal ter versoening van ons sondes. Ja, dit was vir u en my sondes. Hy was dors, sodat u en ek lafenis kan ontvang en hierdie helse dors kan vryspring.

“Dit was nie die Jode wat vir Jesus Christus se kruisiging en dood verantwoordelik was nie, óf die haatge vulde Romeine nie. Nee, dit was ons sonde. Dit is óns sonde wat Hom laat uitroep het: ‘Ek is dors.’

“Dit is betekenisvol, liewe Broers en Susters, om te let op die tydstip toe Jesus hierdie woord vanaf die kruis uitgeroep het. Dit was eers na die drie ure van duisternis, nadat Hy die ewige dieptes van die verdoemenis deurworstel het. Daarna wou Hy sy tong en verhemelte nat maak om die grootste van alle boodskappe aan die wêreld van sonde te bring: ‘Dit is volbring!’ (Joh 19:30) Hy wou dit met ‘n luide stem aan die wêreld verkondig. Dit moes helder en verstaanbaar wees. Daarom het Jesus Christus water gevra, maar Hy is in stede asyn gegee.

“Die sewe kruiswoorde is beslis sinryke woorde. Die eerste was gerig aan sy vyande en leer die vergifnis van sondes. Die tweede was gerig aan sy Moeder en die dissipel Johannes en leer die gemeenskap van die heiliges. Die derde was gerig aan sy mede-gekruisigde en gee die versekering van die Ewige lewe. Maar voordat hierdie toesegging en seën tot die sondaar kon kom, moes Jesus eers die smart deurgaen wat deur die vierde en vyfde kruiswoorde uitgedruk word. Dit was ‘n matelose foltering van liggaamlike lyding, sielestryd en God verlatenheid.

“Broers en Susters, dit word vertel dat die bekende ongelowige skrywer, Voltaire, op sy sterfbed aan sy geneesheer gesê het: ‘As u my lewe met ses maande kan verleng, bied ek u die helfte van my besittings aan.’ Maar die geneesheer was nie daartoe in staat nie. Toe het Voltaire uitgeroep: ‘Ek is deur God en mens verlate. Ek gaan hel toe.’

“Ja, die Skrif leer en die ondervinding bevestig: Daar is ‘n hel. Dit is die onsalige oord waar verlore nes die

ewigheid sal deurbring. Hoe onwillig ons ook hieraan dink, of hieroor praat, kan en mag ons hierdie feit nooit uit die oog verloor nie. Daar is 'n hel! Jesus Christus se vierde en vyfde kruiswoorde is getuienis daarvan: 'My God, my God, waarom het U My verlaat?' (Mark 15:34) en 'Ek het dors!' (Joh 19:28)

"Maar dit moet ons troos. Jesus Christus het aan die kruis die helse smarte gely om ons van die smarte van die hel te verlos. Laat ons ons tog nie mislei met die valse gerusstelling, of met wensdenkery, dat daar geen hel is nie. Laat ons liever terwyl dit nog genadetyd is, ons toevlug neem tot Hom wat ook die hel oorwin het. Hou in die geloof styf vas aan Jesus Christus. Net Hý red uit die poorte van die hel en uit Satan se kloue.

"Broers en Susters, daar is geen enkele deel van die lyding van Jesus Christus waarin daar vir die gelowige nie heerlike seën vloei nie. Sy ganse lyding dra 'n plaasvervangende karakter en daarin lê die waarborg van ons volkome saligheid. In Jesus Christus se armoede lê die waarborg van ons rykdom. In sy bande verkry ons vryheid. In sy vonnis word ons vrygespreek. Deur sy dood ontvang ons die lewe. In sy versmagtende dors lê ons lafenis tot die ewige lewe. Hy is geslaan en verbrysel sodat Hy die bron en lafenis vir ons hart en lewe geword het.

"Omdat Hy op Golgota versmag het van dors kan die heerlike uitnodiging vanmôre tot ons kom: 'O almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk! Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My en eet die goeie, en laat julle siel hom in vettigheid verlustig. Neig julle oor en kom na My toe, luister, en julle siel sal lewe'. (Jes 55:1-3) Soos aan die Samaritaanse vrou bied Jesus Christus ook aan ons die water van die lewe: '... elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe.' (Joh 4:14)

"Broers en Susters, Christus Jesus het in sy verlatenheid die hel belewe, sodat u en ek vanmôre die versekering kan hê dat Hy ons van die hel en sy benoudhede en pyn verlos het. Hierdie heerlike waarheid wil God vanmôre deur sy Woord in u en my lewe kom onderstreep. Sal God dan gee dat ons dit vanmôre sal aanvaar en onself in God se arms werp?

“Die mens dra in hom ’n dors na God. Daar is so baie wat, soos in die dae van Jeremia, daardie dors by die fontein van die wêreld probeer les: ‘My, die fontein van lewende water, het hulle verlaat om vir hulle reënbakke uit te kap, gebarste reënbakke wat geen water hou nie.’ (Jer 2:13) Die fontein van die wêreld bevredig nie. Jesus Christus se woorde aan die Samaritaanse vrou was waar: ‘Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry’. (Joh 4:13) Iemand het tereg gesê: Die water wat die wêreld bied, is soos seewater. Dit vererger net die dors.

“Gelukkig is die siel wat met sy dors na Jesus Christus, die Fontein van die Lewe, vlug. Hy sal in ewigheid nooit weer dors kry nie. Gee gehoor aan Jesus Christus se uitnodiging en u sal versadig word. Luister en u siel sal lewe.

“Amen.”